

Skriflesing: 1 Konings 18: 15 – 19

Teks: 1 Konings 18: 17 – 18

Sing: VOORAF SANG – Ps. 19:1

TYDENS EREDIENS – Ps. 97:1,4; Ps. 97:6,7; Ps. 72:1; Ps. 119:8,17,50

1 Konings 18: 15 – 19

1Ki 18:15 Maar Elia sê vir Obadja: "So seker as die Here leef, die Almagtige in wie se diens ek staan, ek sal sorg dat Agab my vandag nog te sien kry."

1Ki 18:16 Toe gaan Obadja na Agab toe en vertel hom, en Agab het na Elia toe gekom.

1Ki 18:17 Net toe Agab hom sien, sê Agab vir hom: "Is dit jy, jy wat die dood oor Israel bring?"

1Ki 18:18 Hy antwoord: "Dis nie ek wat die dood oor Israel bring nie, maar jy en jou familie. Julle het die gebooie van die Here verontagsaam en die Baäls gedien.

1Ki 18:19 Roep vir my die hele Israel bymekaar op Karmelberg. Die vier honderd en vyftig profete van Baäl en die vier honderd van Asjera wat van Isebel se tafel af eet, moet ook daar wees."

Skriflesing: 1 Konings 18: 15 – 19

Teks: 1 Konings 18: 17 – 18

Sing: VOORAF SANG – Ps. 19:1

TYDENS EREDIENS – Ps. 97:1,4; Ps. 97:6,7; Ps. 72:1; Ps. 119:8,17,50

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het verlede Sondag al kon uitmaak dat hierdie hoofstuk het te doen met groot ontmoetinge. Ons het Obadja ontmoet, die onbekende paleis opsigter van Agab, iemand wat vir van die hardste heidene gewerk het, maar in die geheim het hy honderd van God se profete weggesteek. Vyftig-vyftig in verskillende grotte. Sy werk aan die buitekant vir 'n heiden, aan die binnekant is hy ten volle aan God oorgegewe. Obadja het vir Agab moes help om gras en water vir sy perde en muile te soek.

Dan begin die besondere ontmoetinge. In die veld loop Obadja hom teen Elia vas. Verwonderd, verbaas maar ook verskrik waar kom Elia nou vandaan. Vir drie jaar is Agab doelgerig op Elia se spoor om hom van die aarde af te vee. Hom dood te maak. Hy wat Agab geglo het Elia het die droogte en die dood oor Israel gebring. Ons het sy beskuldiging duidelik gehoor. Elke hoekie en kantjie van hulle bekende wêreld het Agab deursoek maar van Elia was niks te vinde. Ons kan aanvaar God het hom suksesvol weggesteek soos wat God Obadja ook in staat gestel het om daardie honderd profete, waarvan Elia nie eers geweet het nie, ook suksesvol weg te steek. Dan kom die wending in hierdie ontmoetinge.

Elia stuur Obadja reguit na Agab toe om te sê *Elia is hier*, dan is Obadja baie bang en baie onseker. Onsekerheid bring dikwels vrees. Sê nou maar ek sê vir die koning die mees gesoekte man is hier op jou voordrempel en ek kom terug en die Here se Gees het Elia weggeneem, wat sal dan gebeur. Obadja voel hom uitgelewer. Sekerlik sal Agab hom dan doodmaak. Dan moet Obadja eintlik maar net doen wat daardie weduwee in Sarfat gedoen het. Om Elia net op sy

woord te neem, ja om hom eenvoudig net te glo as Elia sê- *"So seker as die Here leef, die Almagtige in wie se diens ek staan, ek sal sorg dat Agab my vandag nog te sien kry."* Obadja het geglo, hy is reguit na Agab toe om hom te verseker Elia is hier.

En as ons van hierdie hoofstuk praat as die hoofstuk van groot ontmoetinge, dan is ons teksverse in die brandpunt daarvan. Agab se woorde, ja ons kan dit nie 'n begroeting noem waarmee hy Elia trompop geloop het nie. *Net toe Agab hom sien, sê Agab vir hom: "Is dit jy, jy wat die dood oor Israel bring?"* Die ouer vertaling stel dit interessant- *En net toe Agab Elía sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou beroerder van Israel?* Die 2020 Vertaling het ons gesien stel dit weer anders- *"Is dit jy, die een wat Israel in die ongeluk stort?"* As ons na die Hebreeuse stam van die woord kyk - עָכָר (‘ākar) dan het die woord te make met een wat "stir", ja word dit ook gesien as 'n moeilikheidmaker, kalmte word erg geroer. Dit is 'n woord met 'n opklimmende betekenis. Een kant beteken dit iemand wat mense in die verwarring bring maar dieselfde woord kan ook die betekenis dra van om te verwoes, in die ongeluk te stort, 'n gemors te maak. Die werklik gemors was egter nie deur Elia veroorsaak nie, wel deur Agab. Hy wat Elia nou beskuldig van hy is die oorsaak van wat aan die gang is. Die laaste drie jaar en ses maande sou vir Agab ook moeilik gewees het. Laat ons nie 'n fout maak nie.

Agab wat vir 'n groot termyn van sy koningskap baie voorspoed beleef het. Daar was inderdaad 'n bloeityd, Agab was 'n goeie diplomaat. Hy het kontak gemaak met groot handelsentrums, ja die grootste handelsentrums van daardie tyd was Tirus en Sidon. As ons Esegïël 27 en 28 vergelyk dan lees ons selfs hoe die Here die welvaart van Sidon benadruk ... Selfs Tirus se lof was besing - Esegïël 28:12- *So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid.*

Wie Esegïël dan in sy wyer verband lees sal op aardse vlak baie mense gewees het wat nooit uitgepraat sou raak hoe mooi, hoe skoon, hoe welvarend is hierdie stede nie. Daar word terme gebruik wat selfs herinner aan hoe mooi die paradys was - *4 Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het goud en silwer in jou skatkamers verwerf; 5 deur die grootheid van jou wysheid in jou koophandel het jy jou rykdom vermeerder.* Selfs die benaming Eden word gebruik - Esegïël 28:13- *13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande*

edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Die lof wat Tirus besing word net groter en groter - 14 Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. 15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.

Dis indrukwekkend hoe Tirus en Sidon tussen die volke van die wêreld uitgestaan het. Dis met sulke indrukwekkende lande wat Agab besondere goeie handelsverdrae kon sluit. Elia se optrede is regtig net baie lastig en eintlik so verre gaande. Besef hy nie, sou Agab kon redeneer, hoe goed het ek dit in Israel laat gaan voordat hierdie gebroedsel van 'n profeet op die toneel verskyn het nie. In baie opsigte is hy werklik net 'n beroerder gewees. Hy het ons kalme, mooie welvarende waters net onnodig kom vertroebel. Hy is die oorsaak van die droogte en al die moeilikhede. Hy het nogal in my paleis hierdie droogte kom afbid, in my paleis het hy hierdie droogte afgekondig. Verbeel jou, watter verwaande man is hy!

Agab sou met menslike redenasies baie van die skuld wat in die afgelope drie jaar en ses maande verkeerd gegaan het, vierkantig op Elia se skouers kon pak, ja jou beroerder van Israel. Dit is jy wat die dood oor Israel bring. Jy met die God wat jy verkondig, Hy wat ons glo sy tyd is verby. Agab sou na Tirus en Sidon kon wys, ons wil ook eintlik soos daardie stede word, ons wil ook opklim in ons voorspoed en ons wil regtig nie teruggehou word deur 'n lastige Elia en nogal sy God wat ons nou in al hierdie ellende gestort het nie.

So weet ons het Agab juis ook Tirus en Sidon se gode 'n staanplek langs sy Baäl wou gee, ja sou Agab kon redeneer, dit gaan dan so goed in Tirus en Sidon, hulle gode moet goed wees, daarom dat hulle ook moet inkom hier waar ons Baäl dien. Net vir een God sou Agab nooit plek wou maak nie, ja die een God wat Elia op baie maniere in sy lewe sou kon aantoon, die Here, Hy is God, ja Hy alleen is God. Daarvan wou Agab net mooi niks weet nie.

Tog is Elia die een, die man van God en ja soos ons Elia tot nou leer ken het, hy wat altyd wys, *die Here, Hy is God*. Hy sal Agab vanuit God se woord en vanuit God se daad antwoord. Die

droogte was 'n ingrypende daad van God. Dadelik beroep Elia hom ook nou op God se Woord en dis waarby ons vandag direk by moet aansluit. *Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooië van die HERE verlaat het en agter die Baäls aan geloop het.*

Hierdie is dan nie net 'n ontmoeting tussen twee mense, twee manie nie, maar eintlik gaan dit om baie meer. Jy kry die een wat God se gebooië preek en dan die een wat God se gebooië breek. En daar is nie 'n middeweg nie; daar is geen kompromie tussen die twee moontlik nie. Of ek leef by God se gebooië, ek is selfs bereid om met my woorde en dae hierdie gebooië uit te dra of ek is die eintlike beroerder, die een wat God se gebooië breek.

Al het Agab wou maak of Elia die moeilikheidmaker is. Moeilikheidmakers in die Kerk en staat word dikwels maklik gesoek en uitgewys maar wie is die eintlike moeilikheidmaker. Die een wat wil hê dat daar by God se gebooië gebly moet word of die een wat duidelik besig is om God se gebooië te breek. God is nooit 'n moeilikheidmaker nie, nooit nie, maar Hy is dikwels 'n skeidingmaker. In die Hebreeus word hierna verwys as die *hammabdil* ... (afgelei van die stam בָּדַל (badal)). Interessant dat die Hebreeus sien die aspek van skeiding na twee kante toe.

Hierdie woord het juis te make met skeiding om iets positief aan te dui. Terwyl ons in Hebreeus ook die ander stam kry van בָּדַד (badad) wat gewoon net wys op skeiding met of 'n positiewe of negatiewe inpak. By Agab sou God as die Een gesien moet word wat werk met (badad) want daar moet skeiding kom tussen hulle wat die ware God dien, geskei van hulle wat met afgode besig is. Hulle los van God se gebooië moet op die einde geskei kan word van hulle wat hierdie gebooië hou. Die res van 1 Konings 18 is 'n lewende vergestaltung hiervan. Ons sal daarby ook nog kom as dit God se wil is.

So openbaar God Hom as skeidingmaker op so baie terreine.. Soos Hy lig en duisternis van mekaar kon skei, 'n positiewe skeiding, soos Hy die land na droë grond kon verander deur die grens tussen land en water te skei (weer 'n positiewe skeiding (*badal*)). In so baie opsigte skei God dinge wesentlik. Al het visse en voëls dalk baie ooreenkomste word die visse afgeskei om voltyds in water te lewe terwyl voëls weer die vrye ruimtes mag betree waar hulle kan rondvlieg. God is en bly in alles die skeidingmaker. Hy sal sorg dat daar skeiding gemaak word tussen

hulle wat God se gebooië hou en hulle wat nie daarby wil hou nie. As dit nie vandag is nie, wel dan later ... Die *badad* word 'n werklikheid, die skeiding in negatiewe sin in vergelyking met so baie ander dinge wat 'n positiewe skeiding ingehou het.

Al beskou Agab vir Elia as 'n oproermaker, beroerder van Israel, is Elia baie duidelik dat hy het nie Israel in beroering gebring nie, maar Agab en sy familie. Al het Agab staatkundig met groot suksesse kon spog is op die einde wat tel nie die ekonomie of die staatkunde nie, maar die diens aan God. As dinge op godsdienstige terrein verkeerd loop sal die uitslag op die ander terreine kort voor lank net so fataal wees.

Al wat Elia gedoen het, was om Agab en al sy volgelinge na God se Wet, na God se gebooië terug te bring. Elia het net die volk en hulle koning wou bring waar werklike diens aan God moet uitloop. Daarin is nie net diens aan God ter sprake nie, maar dit bring ons by die ware Sabbat, die ware rus en vrede in God as ons werklik die kosbaarheid van God se Wet insien en uitleef.

Baie in ons tyd, soos ook maar in Agab se tyd het net bolangs na dinge gekyk. Oppervlakkige beskouinge oor die lewe en die wêreld neem so maklik besit van 'n mens. Filosofies gesproke is dit die gevaar van 'n empiriese wêreldbeskouing, ek kyk net na die waarneembare feite en dit bepaal my hele lewe. Agab kon empiries roem op sukses wat hy wêreldwyd bereik het. Kyk na ons goeie bande met Tirus en Sidon, kyk hoe goed gaan dit met ons land, ja tot die droogte gekom het waarvoor Elia gebid het. Toe stort sy goeie wêreld in duie. Anders gestel wie hulle deur die empiriese wêreld, deur net die waarneembare feite laat lei is in wese 'n eksistensialis. Net die hier en die nou maak saak. Lesse uit die geskiedenis, dinge wat ons voorouers kon wys maar hier mag ek nie die verlede vergeet nie, word so maklik vergeet.

En as ek nie bereid is om die lesse van die geskiedenis te leer nie, dan sal die nugtere feite van die lewe vir my 'n nog groter ontugtering wees. Ons almal in die land is seker in 'n mate ontugter oor wat werklik aan die gang is. Ons weet ook nie wat regtig nog vir ons voorlê nie. As fase 8 beurtkrag eers 'n werklikheid moet word, ja 18 ure uit elke 24 ure is daar nie elektrisiteit nie. Sekere politieke partye het 'n shutdown afgekondig wat vanaf môre moet geld.

Die president moet verwyder word, beurtkrag moet heeltemal verdwyn, so asof dit skielik maar net kan gebeur. Dan is dit nogal deel van die voorwaardes dat die shutdown kan dalk langer uitgereg wees as wat ons dink. Politici kan belaglik raak so belaglik soos die politiek in baie opsigte net nie geword het nie. Dis verskriklik om te dink, tog werk hulle met die staatskas, hulle is die mense wat met belastinggeld vertrou moet word. In so baie opsigte is hulle die mense wat die minste daarmee vertrou kan word, al het hulle 'n ampseed afgelê. Wat hierdie eed nog werklik vir die mense beteken laat baie vrae ontstaan! Dit sou die Zondo kommissie ook keer op keer kon vra.

Die Agabs van ons tyd is hier baie van hulle in die politiek, op die straat, jy kry hulle oral, met name op registers, dalk selfs op kerke se registers. Dis die mense wat hulle op die einde net so sal misgis soos Agab vir Elia wou beskuldig, jy is 'n beroerder, maar die eintlik beroerders, is hulle wat God se gebooië breek. Nie die een wat die gebooië preek nie, maar die een wat die gebooië breek. Daarom is die toepassing by God se Woord vandag eintlik 'n heel duidelike vraag. Preek ek God se gebooië of breek ek dit. Dit sal uitmaak, staan ek aan die kant van Elia of al wil ek dit nie regtig hoor of erken nie, op 'n manier het ek my by Agab geposisioneer, eintlik dan 'n verskriklike werklikheid.

Eintlik ironies hoe Agab hom nou kantiq die volk se belange voorhou. In die begin van die hoofstuk was hy meer begaan oor sy perde en muile. Ons was verlede week daar in die veld saam met Obadja en Agab op soek na weiding toe Obadja hom onverwags teen Elia vasgeloop het. Nou is dit Agab teen Elia en hier gee Agab te kenne ek is begaan oor Israel. Elia jy is 'n beroerder van ons volk. Agab gee voor hy soek die beste vir sy volk terwyl hy eintlik alreeds die teendeel bewys het. Hy stel homself nou weer as ampsdraer voor maar hoe het hy nie reeds die koningsamp versaak nie. Hoe vêr het hy wat Agab is die volk mislei deur hulle agter die Baäls te laat buig.

Daarom as Agab sy verantwoordelikheid besef het, hy werklik gedoen het wat God van hom eis dan sal hy nie so ongegrond Elia verwyt het nie, maar hy sal die vinger na homself moes wys. Agab sou nooit by daardie punt gekom het nie. Hy het nooit tot bekering gekom nie. Sy lewenseinde wys dit ook. Wie die gebooië van God bly breek sal op die einde self gebreek word.

Laat ons ons vandag baie duidelik by Elia voeg. Hy wat God se Wet gepreek het en sy gebooie vasgehou en voorgehou het. Dit was nie maklik nie, maar dit was sy lewe. Al is hy as die een voorgestel wat die dood oor Israel gebring het, hy die beroerder van Israel, is hy inderwaarheid die een wat kon wys die lewe, dié ware lewe, dié ewige lewe, is nie te sien in wat gesien kan word nie, maar die lewe is in Hom wat gedien moet word.

Hierin sien ons en dien ons Hy wat ons Here is, Hy wat die Christus is, Hy wat in alles God se Wet volmaak vervul het, anders sou Hy nie ons Verlosser kon wees nie. Hy wat ons leer dat God se Wet moet ook in ons lewens geld. As ek die Wet wil breek op die einde breek ek myself soos met Agab gebeur het. Ja, ek peuter met my opstanding as ek die Wet nie in my lewe wil laat werk nie. Die Wet wat juis die evangelie, die blye boodskap, God se goeie nuus in ons lewens wil kom bevestig. Ja, ons hou nie die Wet *sodat* ons verlos kan word nie, maar ons wil die Wet sien werk, ons wil die Wet gehoorsaam *omdat* ons reeds verlos is. Dis nie 'n *sodat* nie, maar dis 'n *omdat*!

Hoe bevrydend as ons dit eers kan insien. Dan word die klein wolkie 'n groot wolk om oor bly te wees. Kyk na die klein wolkie, maar so groot soos 'n mens se vuus, wat aan die einde van die hoofstuk die voorteken was tot groot reën nadat dit in Israel so verskriklik droog was. Dan word die Wet dié evangelie ook vir jou. Dis wat die Heilige Gees dan in jou bewerk. God se Wet is dan ook evangeliewoord as ek die Wet reg verstaan, reg gehoorsaam, dit reg in my lewe toepas. Mag ons ons by Elia voeg, hoe tragies is hulle lewens wat hulle reeds in hulle daade en voorbeeld by Agab gevoeg het en wil hulle die vinger na Elia wys.

AMEN